Liewe Gemeente

Die Gemeenteraad het kennis geneem van die strenger Covid aangepaste vlak 3 Regulasies wat vanaf vandag geld.

- Hiermee word alle eredienste (insluitende die oujaarsdiens) in die kerkgebou opgeskort.
- Alle ander byeenkomste (kleingroepe / Bybelstudie / selgroepe, ens) word ook opgeskort.
- Alle dienste word steeds virtueel uitgestuur en is op ons sosiale platvorms beskikbaar.
- Begrafnisse met tot en met 50 mense wat bywoon, mag steeds in die kerkgebou plaasvind.

- Die kerkkantoor sal vanaf 4 Januarie weer oop wees.

Hierdie reëlings sal hersien word met elke aanpassing van die Covid-19 regulasies.

Die Gemeenteraad en leraars wil ons gemeente versoek om deurentyd ons roeping as getuies in hierdie wêreld na te kom en dus in gebed vir ons mense, ons land en veral vir hulle wat siek is, te verenig.

Daarby is dit ook ons taak om verantwoordelik te wees:. Dra asseblief 'n masker wat u neus en mond bedek, was hande, saniteer en hou 'n veilige afstand.

Groete in Christus